# 21

# DIE TIEN GEBOOIE

## Wat verwag God van sy kinders?

**ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet hoekom God vir ons die tien gebooie gegee het.

**SPESIFIEKE DOELSTELLING**

**Kennis**

Die kinders moet weet –
- die tien gebooie leer ons hoe groot ons sonde is.
- hulle moet die tien gebooie nakom uit dankbaarheid vir alles wat God vir hulle doen.
- die tien gebooie help ons om God en ons medemens lief te hê.

**Gesindheid**

Die kinders moet uit dankbaarheid die tien gebooie gaan nakom.

**Vaardigheid**

Die kinders moet in staat wees om op te noem hoe hulle God en hul medemens moet dien.

**MEER INLIGTING**

Lees vir jou eie opheldering die tien gebooie in Eksodus 20 en Deuteronomium 5.

**AANBIEDING**

**Jy het nodig**

- Twee kliptafels op A4-kartonne. Op een nommers 1 tot 4, en op die ander een nommers 5 tot 10. Daar word niks bygeskryf nie. (Sien die voorbeeld in die kinders se boek.)

- Twee opskrifte op aparte stukkie karton:
    - Liefde vir God
    - Liefde vir naaste
- Tien afsonderlike kaartjies met die volgende kerngedagtes van die tien gebooie (1 tot 4 vir die eerste karton, en 5 tot 10 vir die tweede karton).

| | |
|---|---|
| **1.** | **Een God** |
| **2.** | **God reg dien** |
| **3.** | **God se Naam nie misbruik nie** |
| **4.** | **Rusdag vir God se diens** |
| **5.** | **Eer jou ouers** |
| **6.** | **Nie moord pleeg nie** |
| **7.** | **Nie egbreuk pleeg nie** |
| **8.** | **Nie steel nie** |
| **9.** | **Nie vals getuig nie** |
| **10.** | **Nie begeer nie** |

## KOM ONS BEGIN

- Sing Gesang 250: 1 of lees dit net voor.

  *Gods wet vra al ons liefde*
  *vir Hom, ons God en Heer,*
  *en liefde vir ons naaste –*
  *dis wat sy Woord ons leer.*

- Open met gebed.

## HET HULLE ONTHOU?

- Laat 'n paar kinders vertel hoe hulle en hul ouers gesels het oor wat in die erediens gebeur.
- Laat 'n paar van hulle vertel wat hul ouers se reaksie was toe hulle gesels het oor waarom ons erediens toe moet gaan.
- Laat hulle vier redes noem wat ons uit die Bybel leer waarom ons gereeld erediens toe moet gaan:
  - *In die Ou Testament het die mense gereeld tempel toe gegaan.*
  - *In Lukas 4: 16 lees ons dat Jesus elke sabbatdag na die kerkplek gegaan het.*
  - *Die eerste gemeente het elke dag by die tempel bymekaar gekom.*
  - *Die eerste Christene het elke sabbatdag bymekaar gekom.*
- Wat noem ons 'n byeenkoms waar Christene die Here dien? *('n Erediens.)*
- Op watter manier praat die Here met ons in die erediens? *(Deur die Bybel.)*
- Met watter deel van die erediens praat ons met God in die erediens? *(Met die gebed, sang en belydenis.)*

## VANDAG LEER ONS

## BEGIN SO

Vra enkele vrae oor die redes waarom hulle sekere gebooie onderhou. Lei die kinders om by die punt te kom dat hulle besef die Here verwag dit van ons.

- Hoekom aanbid ons nie beelde nie?
- Hoekom is ons gehoorsaam aan ons ouers?
- Hoekom mag ons nie steel nie?

## IETS INTERESSANT

- Vertel vir hulle die volgende: Die Here se volk, die Israeliete, was slawe in Egipte. Die Here het hulle gered uit die hande van die Egiptenaars. Moses was hul leier. Hy het hulle na hul eie land teruggelei. Dit was die land Kanaän wat die Here lankal aan hul voorgeslag belowe het. Op die berg Sinai het die Here aan Moses twee kliptafels gegee. Op die tafels was tien gebooie geskryf. Dit was wette of voorskrifte. Met hierdie wette het die Here gesê hoe Hy wil hê sy volk moet leef. Op die een tafel was daar vier gebooie. Hierdie vier gebooie leer die volk hoe om die Here te dien.

  Plak die opskrif **Liefde vir God** boaan die eerste kliptafel (A4-karton) en wys dit vir die klas.

- Op die ander tafel was daar ses gebooie. Dit het die volk geleer hoe om teenoor ander mense op te tree.

  Plak die opskrif **Liefde vir naaste** boaan die tweede kliptafel (A4-karton) en wys dit vir die klas.

- Die volk Israel moes die tien gebooie nakom uit dankbaarheid omdat die Here hulle gered het uit die hand van die Egiptenaars. Hierdie gebooie was nie bedoel net vir die Israeliete nie, maar vir al die Here se kinders dwarsdeur die eeue. Jesus het in Matteus 22: 34-40 die gebooie vir ons ook mooi kort opgesom: *Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou kragte. En jy moet jou naaste liefhê soos jouself.*

  Ons is net soos die Israeliete gered, nie van die Egiptenaars nie, maar van al ons sonde. Omdat God deur Jesus Christus ons gered het van ons sonde en ons nou sy kinders is, moet ons uit dankbaarheid God en alle mense liefhê. Hoe ons God en ons medemens moet liefhê en dien, leer God ons in die tien gebooie.

- Sit die twee leë kliptafels (A4-kartonne) teen die muur vas. Lees Matteus 22: 36-39 vir die kinders. Behandel die eerste deel, **Liefde vir God**, en plak telkens die opsomming op die "kliptafel" met Prestik.

| | |
|---|---|
| **1.** | Jy mag naas My geen ander gode hê nie. Daar is net **een God**. |
| **2.** | Jy mag nie 'n beeld van God maak nie. Jy moet **God reg dien** soos Hy ons in die Bybel leer. |
| **3.** | Jy mag nie **God se Naam misbruik nie**. Ek mag God se Naam nie sonder eerbied gebruik of daarmee spot nie. |
| **4.** | Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. Ses dae moet jy werk, en die sewende dag is 'n **rusdag vir God se diens**. Ek moet op dié dag kerk toe kom en die dag spesiaal aan God se diens bestee. |

- Op die tweede kliptafel was ses gebooie of wette. Behandel **Liefde vir naaste** en plak telkens die kern op die "kliptafel" met Prestik.

| | |
|---|---|
| **5.** | **Eer jou ouers.** Wees gehoorsaam, luister na hulle en respekteer hulle. Hierdie is die enigste gebod met 'n belofte. |

| | |
|---|---|
| **6.** | Jy mag **nie moord pleeg nie**, of lelik van ander praat of kwaad bly vir iemand nie. |
| **7.** | Jy mag **nie egbreuk pleeg nie**. Jy mag nie 'n ander vrou se man vir jou vat, of 'n gesin opbreek nie. Jy moet bid dat jy eendag as jy groot is die regte lewensmaat sal kies. |
| **8.** | Jy mag **nie steel nie**. Om af te kyk by die skool is ook steel. |
| **9.** | Jy mag **nie vals getuig** teen ander of goed sê wat nie waar is nie, of leuens vertel nie. |
| **10.** | Jy mag **nie begeer nie**. Jy mag nie iets wil hê wat iemand anders het nie. Jy moet tevrede wees met wat jy het. |

**IETS BELANGRIK**

Skerp die volgende by hulle in:

- God het vir ons die tien gebooie gegee.
- Daarin staan hoe ons Hom en ons naaste moet liefhê.
- As ons doen wat in die tien gebooie staan, sê ons daarmee vir God dankie: *Dankie dat U my liefhet en my verlos van al my sonde.*

**IETS OM TE DOEN**

- Hersien kortliks die feite deur die kinders een vir een gebod se kernwoorde op hul "kliptafels" in hul boeke te laat skryf.
- Laat hulle hul Bybels oopmaak by Matteus 22: 36-39, en lees dit saam.

**BY DIE HUIS**

**Doen**

- Laat hulle hierdie vrae gaan beantwoord:
    - Wat is die twee dele van die tien gebooie? *(Liefde vir God, en liefde vir ons medemens.)*
    - Hoekom moet ons die tien gebooie nakom? *(Om dankie te sê vir alles wat God vir ons gedoen het en nog steeds doen.)*

- Laat hulle hul ouers vra om hulle te help om in hul eie woorde die tien gebooie in te vul.
- Laat hulle die kliptafels baie liggies gaan inkleur sodat die woorde nog sigbaar bly.

**Leer**

- Hulle moet die volgende gaan leer:
  - God het vir ons die tien gebooie gegee.
  - Daarin staan hoe ons Hom en ons naaste moet liefhê.
  - As ons doen wat in die tien gebooie staan, sê ons daarmee vir God dankie: *Dankie dat U my liefhet en my verlos van al my sonde.*
- Laat hulle die volgende gaan leer: *Ek moet altyd uit dankbaarheid die Here my God liefhê en my naaste soos myself.*

## AFSLUITING

Sluit af met gebed.

**Belangrik:**
- Reël en beplan vir die rolspel by Les 24. Dit sal vooraf geoefen moet word.
- Gee nou reeds vir verskillende kinders hul rolle.
- Wys hulle daarop dat die teks by Les 24 in hul boek is – hulle kan met die opvoering die teks by hulle hou as hulle wil.
- Tref ’n eie praktiese reëling in jou gemeente as daar te min kinders is – kombineer met ander grade, ensovoorts.
- Die dominee, kategesehoof en kategete moet met Les 24 by grade R, 1, 2 en 3 as vertrekpunt besluit hoe Kersfees by hierdie grade prakties “gevier” gaan word. Die volgende moontlikhede kan oorweeg word:
  - Die hele fase (grade R tot 3) neem vanjaar saam aan die rolspel van een graadgroep deel, volgende jaar die ander groep s’n, totdat al die grade ’n beurt gehad het.
  - Elke graad doen sy eie rolspel en pas aan by praktiese omstandighede.
  - Gebruik eie inisiatief en reël na goeddunke.